
# Nagdiere






Baie diere kruip gedurende die dag weg om te slaap en kom net **snags** uit. Ons noem hulle nagdiere. Party nagdiere bly daar waar dit gedurende die dag warm en droog is.

Nagdiere se sintuie is baie goed ontwikkel.
Hulle kan baie goed:

**hoor**


**sien**






**ruik**

Party nagdiere kruip weg vir ander diere wat gedurende die dag jag. Daar is ook nagdiere wat gedurende die nag jag.






# vlermuise



Vlermuise kom uit in die aand om insekte te vang.

# mol



# mot




# uile


Uile slaap gedurende die dag, maar kom snags uit om te jag. Hulle het groot oë wat vorentoe kyk, soos ons s'n. Uile sien baie goed in maanlig. Hulle kan nie sien wanneer dit pikdonker is nie.



# ystervark



Ystervarkies slaap bedags. Snags soek hulle kos. Hulle gebruik hulle sterk kloue om wortels en bolle uit te grawe sodat hulle dit kan eet. Hulle kruip graag onder rotse weg.



# Vuurvliegie



Vuurvliegies gloei in die aande. Die manlike vuurvliegies gloei om die vroulike vuurvliegies se aandag te trek.





